
2020/06/20

# HANDELINGE 11

Bybelstudie

# HANDELINGE 11 OPSOMMING

- **Petrus getuig oor wat gebeur het in Sesarea**
- **Die gemeente in Antiogië**




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

Bybelstudie

Handelinge Bybelstudie

## PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | Briewe |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

ConformingToJesus.com

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

Handelinge Bybelstudie




Kaart van Sendingreise van Paulus se bediening

# Handelinge 11
# Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 1 Die apostels en die ander gelowiges in die provinsie Judea het gehoor dat mense wat nie Jode is nie, ook die boodskap van God aanvaar het.
- 2 En toe Petrus in Jerusalem gekom het, het party Joodse Christene met Petrus begin stry
- 3 en gesê: "Jy het na mense toe gegaan wat nie besny is nie, en jy het saam met hulle geëet."

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 4 Toe het Petrus begin om vir hulle alles mooi te verduidelik. Hy het gesê:

- 5 “Ek was besig om in die stad Joppe te bid, toe ek iets gesien het, soos in ’n droom. Ek het gesien dat iets soos ’n groot stuk lap uit die hemel afkom na my toe, en dit het gelyk of iemand die lap aan die vier hoeke vasgehou het.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11
# Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 4 Toe het Petrus begin om vir hulle alles mooi te verduidelik. Hy het gesê:

- 5 "Ek was besig om in die stad Joppe te bid, toe ek iets gesien het, soos in 'n droom. Ek het gesien dat iets soos 'n groot stuk lap uit die hemel afkom na my toe, en dit het gelyk of iemand die lap aan die vier hoeke vasgehou het.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 6 Toe ek goed kyk, het ek gesien in die lap is daar diere wat vier pote het en wat op die aarde bly, daar was ook wilde diere en diere wat kruip en voëls.
- 7 En ek het gehoor dat Iemand vir my sê: 'Petrus, staan op, slag die diere en eet dit.'
- 8 Maar ek het geantwoord: 'Nee, Here, ek kan dit nie doen nie, want ek het nog nooit iets geëet wat nie aan U gewy is of wat onrein is nie.'

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 9 Maar die Persoon het die tweede maal uit die hemel vir my gesê: 'God het hierdie diere rein gemaak. Jý moenie sê dit is onrein nie.'
- 10 Dit het drie maal gebeur, en toe het iemand weer die lap met alles daarin opgetrek in die hemel in.
- 11 En skielik het daar drie mans by die huis gestaan, die huis waarin ons was. Kornelius het hulle van Sesarea na my toe gestuur.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 12 En die Heilige Gees het vir my gesê om saam met hulle te gaan en nie te stry nie. Hierdie ses gelowiges van die stad Joppe het ook saam met my gegaan, en ons het in die huis van Kornelius ingegaan.
- 13 Kornelius het vir ons vertel dat hy gesien het 'n engel staan in sy huis, en die engel het vir hom gesê: 'Jy moet iemand na Joppe stuur en vir Simon vra om saam te kom hiernatoe. Die mense noem vir Simon ook Petrus.
- 14 Simon sal dinge vir jou vertel, en as jy daarna luister, dan sal God vir jou en vir almal in jou huis red.'

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11
# Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea


- 15 “En toe ek begin praat, het die Heilige Gees in hulle gekom, soos die Gees in die begin ook in ons gekom het.
- 16 Toe het ek die woorde van die Here onthou wat Hy gesê het: ‘Johannes het julle met water gedoop, maar Ek sal vir júlle doop met die Heilige Gees.’
- 17 Die mense het in die Here Jesus begin glo, soos ons in die Here Jesus begin glo het. Toe het God vir hulle die Heilige Gees gegee, soos God die Gees vir ons gegee het. Ja, God het dit gedoen, daarom kon ek nie vir God probeer keer nie.”

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11

# Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

- 18 Toe die Joodse gelowiges hierdie dinge gehoor het, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: "Dit is nou so: God het ook vir die heidene gehelp om te verander sodat hulle kan lewe soos God wil hê hulle moet lewe."



https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

- 19 Nadat Stefanus gesterf het, het die Jode vir die gelowiges baie swaar laat kry en hulle het die gelowiges uit die land gejaag. Die gelowiges het deur die land gegaan, party het tot by die land Fenisië gegaan en ander het na die eiland Siprus en die stad Antiogië gegaan, en hulle het die boodskap van Christus net vir Jode gebring.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

- 20 Party van hierdie gelowiges het van die eiland Siprus en van die stad Sirene na die stad Antiogië gekom. Hulle het ook gesels met die Jode wat Grieks gepraat het, en hulle het die goeie boodskap van die Here Jesus vir daardie Jode gebring.
- 21 Die Here het hulle gehelp, en baie mense het in die Here begin glo en hulle het begin lewe soos Hy wil hê hulle moet lewe.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

- 22 Die gemeente in Jerusalem het gehoor wat daar in Antiogië gebeur het, en hulle het vir Barnabas gestuur om na Antiogië te gaan.
- 23 Toe Barnabas daar kom en hy sien hoe goed God vir hulle was, was hy bly en het hy aangehou om hulle almal te bemoedig om aan te hou om die Here Jesus te dien, soos hulle besluit het om te doen.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

- 24 Barnabas was 'n goeie man, die Heilige Gees was in hom en hy het sterk in die Here Jesus geglo. Baie mense in die stad het in die Here Jesus begin glo.


- 25 Barnabas het toe na die stad Tarsus gegaan om vir Saulus te soek.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

◦ 26 Toe Barnabas vir Saulus kry, het hy hom na Antiogië gebring. Hulle was daar ’n hele jaar lank saam in die gemeente en hulle het vir baie mense in die stad geleer. Daar in Antiogië het die mense die gelowiges “Christene” genoem. Dit was die eerste maal dat mense die gelowiges “Christene” genoem het.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11





This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië

- 27 In hierdie tyd het daar profete van Jerusalem na Antiogië gekom.
- 28 Een van hulle, sy naam was Agabus, het opgestaan toe die Heilige Gees vir hom gesê het hy moet 'n boodskap bring. Hy het gesê dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sal kom. In die tyd toe Claudius die keiser was, was daar so 'n hongersnood.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Handelinge 11 Die gemeente in Antiogië


- 29 Die gelowiges het toe besluit dat elkeen van hulle so baie geld sou gee soos wat hy kon gee. Hulle wou dit dan stuur na die land Judea om vir die gelowiges daar te sorg.

- 30 Hulle het dit toe gedoen, hulle het vir Barnabas en Saulus gestuur om die geld na die ouderlinge in Jerusalem te bring.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11

# HANDELINGE 11 OPSOMMING

- **Petrus getuig oor wat gebeur het in Sesarea**
- **Die gemeente in Antiogië**




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

Bybelstudie

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Please support https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/11
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.